## 2 Januarie Markus 1:40-45; 2:23-28

### *Die nuwe jaar vra verstand, hart en hande*

Die Fariseërs was nie so baie nie (maar ongeveer 6000) maar hulle het 'n geweldige skewe invloed op die geloofslewe destyds uitgeoefen. Hulle het die verstandsdeel van die geloof uitgelig en opgetree asof geloof net uit die verstand bestaan. Daarom het hulle ook so 'n magdom reëls en regulasies gemaak wat hulle op die eenvoudige mense afgeforseer het. Hulle aanslag was dat, indien die eenvoudiges nie al hierdie voorwaardes en reëls stiptelik sou nakom en uitvoer nie, hulle geloof nutteloos sou wees. In hierdie proses het hulle self die pad heeltemal byster geraak en juis daarom is Jesus se optrede teenoor hulle so intens en direk.

Toe die melaatse man hom smekend aangekyk het, het Jesus hom jammer gekry, sy hand uitgesteek en hom aangeraak. Hier hoor ons iets heel anders as net 'n verstandsgodsdiens. Hier is 'n hart wat met diep gevoel die nood van 'n medemens aanvoel. Daarom sê Jesus vir hom: Word gesond!

Verstaan u wat hier anders gebeur as in die kille en dooie verstands-voorskrifte van die Fariseërs? Hier leer ons Here ons die volle omvang van die ware geloof, naamlik verstand, hart en hande.

Mag hierdie nuwe jaar wat voor ons lê nie net een of twee gedeeltes van ons geloof opeis nie, maar die volle spektrum van hierdie wonderlike geskenk wat God ons gee; naamlik verstand, hart en hande.

Ds. D. Laufs (Alberton-Wes)